

Eindtydbedrog



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 2:13, 24; 2 Korintiërs 11:13-15; Psalm 146:4; Genesis 1 tot hfst. 2:3; Openbaring 13:1-17.

Geheueteks:

“Want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom” (*Openbaring 12:9, NAB*).

Voordat Satan uit die hemel gegooi is, was hy in die hemel. Toe al het hy die engele probeer mislei. “Lucifer het die teenwoordigheid van God – sy aangewese plek – verlaat, om onmin onder die engele te saai. Met groot geheimhouding (en aan die begin, met eerbied vir God as dekmantel vir sy ware motiewe) het hy probeer om ’n gees van ontevredenheid by die hemelwesens te wek – deur te sê dat die wette waarby hulle hulle moes hou gedwonge en onnodiglik beperkend was” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 495. In Eden het hy hom as slang vermom, waar hy vir Eva met ’n slap riem gevang het. Bedrog en misleiding is Satan se modus operandi, ’n mens sien dit reg deur die geskiedenis. Vandag is dit steeds so, en dat sal weer na die duisendjaar gebeur (Op. 20:8) – vir hom heilig die doel die middel. Ongelukkig is hy baie slimmer, magtiger en slinkser as enigeen van ons. Dit is hoekom ons in Jesus en sy Woord moet bly, sodat ons Satan se strikke kan vermy. “Maar julle wat getrou gebly het aan die Here julle God, lewe vandag nog almal” (*Deut. 4:4, NAB*). Die beginsel hier, geld vandag steeds. Vandeeweek kyk ons na ’n paar van die duiwel se mees suksesvolle misleidings, asook hoe ons daarteen kan waak.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 2 Junie.*

Die grootste misleiding ooit

In die eerste les van dié kwartaal het ons die “kosmiese konflik” bekyk, ’n stryd in die buitenste ruim wat ongelukkig die aarde bereik het. Die probleem is egter dat baie mense, insluitende sekulêre Christene, die groot stryd ignoreer omdat hulle nie in die bestaan van Satan glo nie. Vir diesulkes is bybeltekste wat oor die duiwel gaan bloot die uitdrukkings van ’n voorwetenskaplike kultuur, pogings om die teenwoordigheid van lyding en die kwaad in ons wêreld te verklaar. Vir té veel mense klink die idee van ’n letterlike, bonatuurlike wese – een wat die mensdom se ondergang probeer bewerk – na pure fiksie, amper soos die Darth Vader-figuur uit die “Star Wars”-rolprente.

Lees die volgende teksverse, almal uit Openbaring. Wat leer ons daaruit oor die feit dat Satan werklik bestaan, en veral ook oor sy rol in eindtydgebeure? *Op. 2:13, 24; hfst. 12:3, 7-9, 12, 17; hfst. 13:2 en 20:2, 7, 10.*

Openbaring toon vir ons hoe baie mag Satan in die laaste dae oor meerderheid van die wêreldbevolking gaan hê, wat nie net daartoe ly dat talle hul ewige verlossing kwyt is nie, maar ook dat diegene wat aan Jesus getrou wil bly, vervolgd word.

Van al Satan se slinkse “planne” (*2 Kor. 2:11*) – ’n vertaling vir die Griekse noëmata oftewel “denke” – is die oortuiging dat hy nie bestaan nie, seker die grootste slenter. Wie gaan, per slot van rekening, hom- of haarself teen ’n magtige vyand probeer beskerm in wie se bestaan daardie persoon nie glo nie? ’n Mens kan byna nie glo hoe baie belydende Christene die bestaan van die duiwel afmaak nie. Daardie sienswyse huldig hulle egter net omdat hulle die magdom teksverse wat sy werksaamhede en bedrog in ons wêreld toon, ignoreer of ingrypend herinterpreteer. Dit gebeur veral nou dat die wêreld einde se kant toe staan. Die feit dat so baie die letterlike bestaan van Satan verwerp, en dit ten spyte van al die bybelgedeeltes wat die teendeel bewys, behoort vir ons ’n kragtige waarskuwing te wees, dat ons ons van die presiese Bybelse leer moet vergewis.

Openbaring praat van al Satan se knoeiery, veral in die laaste dae. Watter hoop kan ’n mens dus uit Openbaring 12:11 put? Wat is ons groot verweer teen die duiwel?

Twee groot dwaalleringe

Lees die volgende teksverse. Wat sê dit vir ons oor Satan se vermoë om ander te mislei?

2 Kor. 11:13–15

2 Tess. 2:9, 10

Op. 12:9

Op. 20:10

Soos ons reeds in 'n vorige les gesien het, waarsku Jesus sy volgelinge teen allerhande vorms van eindtydbedrog – veral teen die menige vals Christusse en profete wat op die toneel gaan verskyn en wat “baie mense [sal] mislei” (*Matt. 24:5, OAB*). Vals Christusse en profete is egter nie die enigste eindtydbedrog waarvan ons bewus moet wees nie. Ons groot teëstander in dié groot stryd waarin ons gewikkel is, het 'n magdom slenters om soveel as moontlik mense om die bos te lei. As Christene moet ons ons van al daardie slim sette vergewis, wat slegs deur 'n deeglike kennis van die Bybel en sy leer, en die getroue navolging daarvan, verwesenlik kan word.

Ellen G. White wys ons op twee van daardie misleidings: “Die onsterflikheid van die siel en Sondagviering – met daardie twee groot dwaalleringe gaan Satan die mensdom vang. Eersgenoemde vorm die grondslag van spiritisme, en laasgenoemde maak ons ontvanklik vir die idees van [pouslike] Rome. Amerikaanse Protestantisme sal die voortou neem om die reuse gaping tussen die Christendom en spiritisme te oorbrug, ook om die wig tussen die Christendom en die Roomse mag te verwyder. Onder die vaandel van daardie [onheilige] drie-enigheid sal die VSA Rome se voorbeeld volg, deur mense hul godgegewe reg tot keuse te ontnem” (*The Great Controversy*, bl. 588). Vandag is dit duidelik dat daardie voorspellings ongelooflik akkuraat was. Kyk net hoe algemeen “daardie twee groot dwaalleringe” nou honderde jare later onder Christene is! 'n Mens sien dit wêreldwyd.

Hoe is 'n deeglike kennis van bybelwaarhede, asook die gewilligheid om daarop ag te slaan en dit uit te leef, die gelowige se kragtige wapen teen die duiwel se slim sette, veral in die tyd waarin ons leef?

Die onsterflikheid van die siel

Wat leer ons uit die volgende teksverse oor die toestand van die dode? Watter verweer bied dit ons teen die “twee groot dwaalleringe?” *Pred. 9:5, 6, 10; Ps. 115:17 en Ps. 146:4; 1 Kor. 15:16-18; Dan. 12:2.*

’n Mens hoor periodiek van mense wat “dood” was – m.a.w. wie se harte gaan staan het en ook opeghou asemhaal het – net om kort daarna weer bygebring te word. Sulke stories kry deesdae groot aftrek. Diegene wat dit beleef het, praat dikwels van die ongelooflike ervarings wat hulle gehad het. Baie sê dat hul bewussyn, na hul veronderstelde “dood,” voortgeleef het. Party noem dat hulle in die lug rondgesweef het en van bo af na hul liggame kon kyk. Ander sê dat hulle in daardie liggaamlose toestand met ’n verhewe wese – omgewe van lig en die ene hartlikheid – kontak gemaak het, en dat dié boonop waarhede soos goedhartigheid en liefde voorgestaan het. Party praat weer van die ontmoetings en gesprekke wat hulle met afgestorwe geliefdes gehad het. Hierdie verskynsel is so algemeen dat dit selfs ’n wetenskaplike naam het: Amper-dood-ervarings (beter bekend in die Engels as “*Near Death Experiences*” (oftewel *NDE’s*). Hoewel *NDE’s* ’n omstrede onderwerp is, voer baie Christene dit as bewys vir die onsterflikheid van die siel aan, en dat ’n mens se siel na die dood op ’n ander bewussynsvlak voortleef.

NDE’s is, natuurlik, niks meer as die uitwerking wat een van die “twee groot dwaalleringe” op die wêreld het nie. So lank as wat ’n mens glo dat die siel op een of ander wyse voortleef na die dood, maak jy jou uiters kwesbaar vir meerderheid van die okkultiese en spiritistiese sinsbedrog daarbuite, misleidings wat gou-gou die idee laat posvat – hetsy direk of by implikasie – dat ’n mens nie Jesus nodig het nie. Om die waarheid te sê, die meeste mense wat amper-dood-ervarings gehad het, gee te kenne dat daardie bonatuurlike wesens (of selfs die afgestorwe geliefdes wat hulle ontmoet het) hulle met trooswoorde van liefde, vrede en goedhartigheid begroet het, maar dat hulle niks oor verlossing in Christus, oor sonde, of oor oordeel te sê gehad het nie. Met ander woorde: Oor die Bybelse grondbeginsels het daardie “geliefdes” en bonatuurlike wesens geswyg, “soos die graf.” ’n Mens sou dink dat hulle, as mense wat kwansuis die hiernamaals beleef het, tog ’n voorsmakie van die Bybelse leerstellings in dié verband moes ontvang het. Tog klink die boodskappe wat hulle in die “hiernamaals” ontvang het, al te veel na Nuwe Era-dogma, wat verklaar hoekom so baie van hulle, na sulke ervarings, minder belangstelling in die Christelike leer as tevore toon.

Hoekom moet ons as Christene by die Woord van God hou, selfs al sê ons sintuie vir ons iets anders?

Die Sabbat en die evolusie-teorie

Benewens Satan se wêreldwye sukses met sy leuens oor die onsterflikheid van die siel, was en is hy net so suksesvol (of dalk meer suksesvol) met die vervanging van die Bybelse Sabbat met Sondagviering (weke 6 en 8 se lesse). Laasgenoemde is 'n eeue oue tradisie, byna net so lank as die geskiedenis van die Christendom. Meer onlangs het die duiwel met 'n ander misleiding vorendag gekom, wat die belangrikheid van die Sewendedag-Sabbat al hoe meer buite rekening laat: Die evolusie-teorie.

Lees Genesis 1 tot hfst. 2:3. Wat sê hierdie skrifgedeeltes vir ons oor die feit dat God die wêreld geskape het, asook hoe lank dit geneem het?

Selfs die mees oorsigtelike lees van hierdie teksverse bring twee belangrike punte oor die Bybelse skeppingsverhaal na vore. Eerstens, dat alles op aarde beplan en fyn uitgewerk is, m.a.w. niks is ewekansig, arbitrêr of toevallig nie. Die Skrif laat geen ruimte vir toeval betreffende die skepping nie. Tweedens, die teksvers maak dit duidelik dat elke skepsel volgens sy soort gemaak is, d.w.s. dat elkeen apart geskape en derhalwe eiesoortig is. Nêrens in die Bybel lees 'n mens van 'n enkele voorsaak (soos 'n eenvoudige oer-sel) waaruit alle lewe op aarde ontstaan het nie. Selfs vanuit 'n nie-letterlike uitleg van Genesis blyk dit duidelik: Niks is ewekansig in die skeppingsdaad nie, en lewe op aarde het nie uit 'n enkele voorsaak ontstaan nie. Daarenteen leer die Darwiniese evolusieteorie (en al sy vertakkings) ons twee dinge: Ewekansigheid, en 'n enkele herkoms vir alle spesies.

Die vraag is net: Hoekom bekyk so baie mense die skeppingsverhaal in Genesis deur 'n evolusieleer-bril, en dit terwyl daardie teorie die mees basiese Bybelse leer ondermyn? Die evolusie-dwaalleer het immers nie net miljoen sekulariste gevang nie. Baie belydende Christene meen dat hulle daardie teorie met hul geloof kan vereenselwig, en dit ten spyte van die ooglopende teenstrydighede wat ons pas bespreek het. Die uitwerking wat die evolusieleer binne die konteks van 'n eindtydwêreld het, maak boonop die gevare van hierdie misleiding nog duideliker. Hoekom nou erns maak met 'n bepaalde dag – die Sewendedag-Sabbat, as 'n gedenkdag – as daar geen skepping was wat in ses, letterlike dae plaasgevind het nie, maar evolusionêre prosesse wat oor ongeveer drie miljard jaar strek? (Hierdie is die mees onlangse “vasstelling” vir die begin van lewe op aarde – drie gevolg deur nege nulle.) Evolusie stroop die sewende dag van enige ware betekenis omdat dit die sesdaagse skepping tot 'n blote mite reduseer, soos die mite van Romulus en Remus, tweelingboeties wat kwansuis deur wolwe gesoog is. Wat meer is, wie van dié wat meen dat die skepping oor miljarde jare in plaas van ses dae geskied het, gaan hulle aan vervolging of selfs die doodstraf blootstel, en dit om as kampvegter vir die Sabbat ter verwerping van Sondagviering op te tree?

Die valse drie-enigheid

Die drie-enige aard van die Godheid vind 'n mens reg deur die Skrif. Binne die konteks van 'n eindtyd-wêreld, een gevul met sinsbedrog en vervolging, praat Openbaring egter ook van 'n “nagemaakte drie-enigheid.” Volgens Openbaring 13 bestaan dit uit die draak, die dier wat uit die see opkom, en die dier wat uit die land opkom.

Lees Openbaring 12:17 en hfst. 13:1, 2. Wat word hier beskryf?

Hier word die draak as 'n namaaksel van die Vader beskou, omdat die draak duidelik die voorskrywende party is. Hy skenk boonop mag en gesag en 'n troon aan die dier wat uit die see opkom. Laasgenoemde tree hier as 'n namaaksel van Christus op. Hoekom word hierdie tweede wêreldryk (oftewel moontheid) as 'n namaaksel van Christus beskou?

Lees Openbaring 13:2-5. Wat is die eienskappe van hierdie dier wat uit die see opkom?

Eerstens skenk die draak sy gesag aan die tweede dier, wat 'n mens aan Jesus se woorde laat dink, naamlik dat Hy sy eie gesag by God die Vader ontvang het (*lees Matt. 28:18*). Daarbenewens beleef die tweede dier ook 'n soort dood en opstanding, amper soos dié van Jesus (*lees Op. 13:3*). Wat meer is, die tweede dier oefen klaarblyklik sy gesag vir “twee-en-veertig maande” (*OAB*) – oftewel drie en 'n halwe jaar lank – uit. Dit is 'n namaaksel van Christus se geprofeteerde en letterlike drie-en-'n-halwe-jaar-lange bediening, bereken op grond van die dag-jaar-beginsel.

Lees Openbaring 13:11-17. Hoe word die dier wat uit die aarde opkom hier beskryf?

Hierdie dier wat uit die aarde opkom, bevorder die belange van die een wat uit die see kom, net soos die Heilige Gees nie Homself nie, maar Jesus verheerlik (*Joh. 16:13, 14*). Boonop doen die dier wat uit die aarde opkom 'n wonderwerk (*lees Op. 13:13*) wat soortgelyk aan die Heilige Gees se “vuur” is, wat uit die hemel kom en “in tonge verdeel” (*Hand. 2:3, NAB*). “Op die ou einde verrig die dier wat uit die aarde opkom 'n skynwonderwerk, 'n namaaksel van Pinkster! Hoekom doen hy dit? Om die mensdom te oortuig dat die nagemaakte drie-enigheid die ware God is” (Jon Paulien, *What the Bible Says About the End-Time*, Hagerstown, Maryland, VSA: Review and Herald® Publishing Association, 1998, bl. 111).

Op watter ander vorms van eindtydbedrog moet ons bedag wees, en hoe kan 'n mens dit ook onder ander mense se aandag bring?

Vir verder studie:

Kom ons staan vir 'n wyle by die evolusie-teorie stil. Oorweeg die implikasies wat dit in ons eindtydwêreld het, veral met betrekking tot die rol van die Sewendedag-Sabbat. Een rede hoekom Charles Darwin – wat duidelik nie die groot stryd verstaan het nie – met daardie teorie vorendag gekom het, is omdat hy vreeslik gesukkel het om die boosheid en lyding in en van ons wêreld met die idee van 'n welwillende en liefdevolle Skeppergod te vereenselwig. Vanweë daardie denkfout, het hy elders na antwoorde gaan soek. Dit is dan ook geen toeval dat God in die middel tot laat 1880s, in die presiese tyd toe Darwin sy evolusie-teorie aangepas en hersien het, die Adventbeweging op die been gebring het nie – 'n beweging as teenwig vir al die hoofbeginsels van Darwin se leer. Is dit nie interessant dat die Sewendedag-Adventistekerk – wie se leerstellings op die skeppingsleer steun, 'n leer wat boonop in hul naam verwoord word – min of meer dieselfde tyd as Darwin se teorie op die toneel verskyn en momentum gekry het nie. Wie weet, dalk kon die wêreld een van die grootste denkfoute sedert geosentrisme* en abiogenese* gespaar gewees het, as Darwin net die volgende aanhaling uit Ellen G. White ter harte wou neem: “Hoewel die littekens van die sondevloek in die natuur te siene is, dien dit steeds as God se lesboek vir die mens. Sedert die sondeval kan dit ongelukkig nie meer slegs die goeie weerspieël nie. Sonde het alles oral oor besmet. Die land, die see en die lug is daardeur verontreinig. Dit wat voorheen van die karakter van God en van die kennis van die goeie getuig het, het nou ook van die karakter van die duiwel en die kennis van die kwaad getuig. Deur die natuur, wat sedert die sondeval die kennis van goed en kwaad weerspieël, ontvang die mens voortdurend die bewyse van die gevaar wat sonde inhou” (*Education*, bl. 26). Duidelik was Darwin se sienings (oor die evolusie van alle lewe op aarde) blote spekulasie, totaal en al gebaseer op verkeerde sienings oor die aard en wese van God, en oor die gevalle planeet waarop ons woon. Ongelukkig het dié teorie verreikende gevolge, naamlik dat dit die mensdom besonder kwesbaar maak vir Satan se bedrog, veral in die pylvak van ons geskiedenis.

**Geosentrisme is 'n outydse wanopvatting dat die aarde die middelpunt van die heelal is, terwyl abiogenese op die spontane totstandkoming van lewende organismes uit nie-lewende materiaal dui.*

Vrae vir bespreking:

1. Hoekom verwerp so baie Christene die idee van 'n letterlike Satan? Wat sê dit vir ons oor die gevare wat uit die verwerping van klinkklare bybelwaarheid spruit?
2. Wat sê 'n mens vir iemand wat klaarblyklik 'n skyndood-ervaring gehad het, en wat volhou dat dit 'n bewys van lewe direk na die dood is?
3. Dink nou aan diegene wat in die evolusieleer glo. In watter ander opsigte maak dit sulke mense meer kwesbaar vir Satan se eindtydbedrog?